higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N280**(A)**(J4)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6

(4010196)

**4 Junie 2019 (X- Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Koste tot op datum aangegaan per kontrak | A | gesertifiseerde werk |
| 1.1.2 | Hoeveelheid voltooide werk goedgekeur en deur die argitek gewaardeer ('valued') | B | kontrakteur |
| 1.1.3 | Die party wat verantwoordelik is vir die uitvoering van die kontrak | C | kliënt ('contractee') |
| 1.1.4 | Vorderingsbetaling wat teruggehou is | D | ongesertifiseerde werk |
| 1.1.5 | Die party wat wil hê die kontrak moet afgehandel word | E | vorderingsbetaling |
| 1.1.6 | Wins wat tussen aandeelhouers verdeel word | F | retensie |
| 1.1.7 | Nog werk wat nie in die aanvanklike kontrak gespesifiseer is nie | G | ekstra werk |
| 1.1.8 | Gedeeltelike betaling op verskillende stadiums deur die kontrakterende party | H | duur |
| 1.1.9 | Die tyd vandat die kontrak begin totdat dit voltooi is | I | dividende |
| 1.1.10 | Werk wat afgehandel is maar wat nog nie reg is vir betaling nie | J | koste tot op datum |

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Tydkaart toon presies waaraan werkers tyd bestee het.

1.2.2 Direkte materiaal is deel van die vervaardigingsproses maar kan nie gesien of op die voltooide goedere opgespoor word nie.

1.2.3 Eenheidskoste speel 'n belangrike rol in die berekening van 'n item se verkoopprys.

1.2.4 Materiaal wat aangekoop is, sal in die materiaalrekening gedebiteer word.

1.2.5 Arbeidskoste word weggelaat wanneer die totale koste per eenheid bereken word.

(5 × 1) (5)

1.3 Die volgende inligting is uit Desire Supermark se boeke bekom.

| **MAAND** | **VASTE KOSTE** | **EENHEDE VERVAARDIG** |
|---|---:|:---:|
| September | R55 000,00 | 10 000 |
| Oktober | R65 000,00 | 12 000 |
| November | R75 000,00 | 14 000 |

**LET WEL:** Die maatskappy se veranderlike koste vir die drie maande is R35,00 per eenheid.

1.3.1 Bereken die totale koste per eenheid vir Oktober. (2)

1.3.2 Wat is die totale koste per eenheid as 15 000 eenhede in Oktober vervaardig moet word? (2)

1.3.3 Bereken die totale veranderlike koste vir die drie maande. (6)

1.4 Noem VYF voordele van die gebruik van die direkte kosteberekeningsmetode ('direct costing method') vir die voorbereiding van 'n inkomstestaat. (5 × 2) (10)

1.5 Bemuda Groothandelaars het die volgende inligting verskaf:

**TOTALE VERKOPE**

| | |
|---|---|
| Februarie | R750 000 |
| Maart | R800 000 |
| April | R700 000 |
| Mei | R650 000 |
| Junie | R850 000 |

LET WEL: 45% van die totale verkope is kredietverkope.

Kliënte se skuld sal soos volg ingevorder word:

40% in die 1ste maand van verkope
35% in die 2de maand van verkope
20% in die 3de maand van verkope
5% is oninbaar ('irrecoverable')

1.5.1 Bereken die kredietverkope van Februarie tot Junie. (5)

1.5.2 Bereken die slegte skuld van Februarie tot Junie. (5)

1.6 **PRODUKSIEKONTROLEREKENING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Balans oorgebring | 75 000 | Voltooide goedere | 720 000 |
| Materiaalkontrole | 240 000 | Balans oorgedra | 115 000 |
| Arbeidskontrole | 140 000 | | |
| Berekende bokoste ('applied overheads') | 380 000 | | |
| | | | |
| | 835 000 | | 835 000 |

Addisionele inligting:

- Bokoste word ingevorder teen R5,00 per direkte manuur ('labour hour').
- Berekende bokoste beloop R45 000.

1.6.1 Bereken die werklike aantal direkte man-ure ('labour hours') wat gebruik is. (3)

1.6.2 Bereken die werklike bokoste aangegaan deur die besigheid. (2)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

Soweto vervaardigers vervaardig leerskoene vir tienermeisies. Die inligting hier onder is 'n uittreksel uit hulle rekords.

Standaardinligting:

Die maatskappy gebruik 2,5 kg leermateriaal per eenheid (per skoen) teen 'n standaardtarief van R25,00 per kg.

Vyf man-ure word benodig om een eenheid te vervaardig.
Die standaardtarief vir arbeid is R60,00 per uur.

Die besigheid se werklike rekords reflekteer die volgende:

1 500 kg materiaal is aangekoop teen die totale prys van R35 000.
Die maatskappy het 250 eenhede vervaardig en 1 000 kg materiaal gebruik.

1 200 manure is geklok teen 'n totale koste van R74 400.

Vaste bokoste: R55 500

Veranderlike bokoste: R20 000

Begrotingsinligting is soos volg:

Vaste bokoste: R65 300
Veranderlike bokoste: R19 000
Man-ure 800

Gevra:

Bereken die volgende veranderlikes en dui by elkeen aan of dit gunstig ('favourable') of ongunstig is:

2.1 Materiaalprys

2.2 Hoeveelheid materiaal

2.3 Arbeidstarief ('labour rate')

2.4 Arbeidsdoeltreffendheid ('labour efficiency')

2.5 Vaste vervaardigingsbokoste ('manufacturing overhead expense')

2.6 Veranderlike bokoste-afwyking ('variable overhead rate variance')

(6 × 5) **[30]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3**

3.1 Bethany Bpk. Vervaardig t-hemde en jeans vir kinders. Die volgende inligting is 'n uittreksel uit hulle rekords vir die jaar geëindig 31 Junie 2017.

| | **T-HEMDE** | **JEANS** |
|---|---|---|
| Verkope (eenhede) | 15 000 | 10 000 |
| Verkopprys per eenheid | R45 | R75 |
| Beginvoorraad | 1 500 | 800 |
| Eindvoorraad | 1000 | 1200 |
| Manure per eenheid | 5 | 6 |
| Arbeidskoste per eenheid | R25 | R35 |

Addisionele inligting:

- Gunstige openingsbankbalans ('favourable opening bank balance) is R35 000.
- Vaste koste is R30 000 per maand.
- Veranderlike koste is R2,50 per vervaardigde eenheid
- Alle geprojekteerde verkope het gerealiseer as kontantverkope.
- Die betalings vir die maand was die begrote bedrae vir arbeid en bokoste.

Stel die volgende begrotings op:

3.1.1 Verkoopsbegroting (4)

3.1.2 Produksiebegroting (8)

3.1.3 Arbeidsbegroting (6)

3.1.4 Begroting vir vervaardigingsbokoste ('manufacturing overheads budget') (3)

3.1.5 Kontantbegroting (9)
**[30]**

## VRAAG 4

4.1 Durban-Oos Kontrakteurs is besig met kontrak DDD01. Die kontrakprys is R10 000 000. Hier onder is 'n uittreksel uit hulle rekords wat opgestel is deur 'n onervare boekhouer. Hulle finansiële jaareinde is Junie 2017.

**KONTRAK: DDD01**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Direkte materiaal | 200 000 | | Direkte arbeid | 400 000 |
| Ongesertifiseerde werk | 300 000 | | Gesertifiseerde werk | 800 000 |
| Vervaardigingsbokoste | 700 000 | | Wins en verlies | ? |
| Subkontrakteursfooie | 200 000 | | | |
| Voorsiening vir latente defekte | ? | | | |
| | | | | |
| | ? | | | ? |

Addisionele inligting:

Die kontrak het op 1 Junie 2016 begin.
Ekstra werk op die kontrak beloop R800 000.
Die totale koste vir hierdie kontrak is geraam op R6 000 000.
Die kontant ontvang op die kontrak beloop R600 000.

4.1.1 Korrigeer en voltooi die kontrakrekening hier bo in jou ANTWOORDBOEK. Retensiegeld moet beskou word as voorsiening vir latente defekte. (8)

4.1.2 Bereken die persentasie van die kontrak wat voltooi is deur gebruik te maak van die volgende formule:

$$\frac{\text{Koste aangegaan tot op datum}}{\text{Totale geraamde koste}} \times \frac{100}{1}$$ (6)

4.1.3 Bereken die totale geraamde wins. (3)

4.1.4 Bereken die wins vir die jaar deur gebruik te maak van die volgende formule:

$$\text{\% voltooi} \times \frac{\text{Totale geraamde wins}}{1} \times \frac{\text{Kontant ontvang}}{\text{Gesertifiseerde werk}}$$ (8)

4.1.5 Bereken die aangepaste wins vir die jaar met inagneming van die voorsiening vir latente defekte. (2)

4.1.6 Is bogenoemde kontrak afgehandel?
Antwoord 'Ja' of 'Nee' en verduidelik jou antwoord. (3)

**[30]**

**VRAAG 5**

Timothy & Girls Bpk. gebruik 'n taakkosteberekeningstelsel ('job costing system') om vervaardigingskoste te beheer. Hierdie maatskappy vervaardig meisierokke van linnemateriaal en knope.

Gedurende die jaar werk die maatskappy aan twee take: TG001 en TG002.

Taak TG002 het in Junie 2017 begin, terwyl Taak TG001 afgehandel en teen koste plus 25% gefaktureer is.

**BALANSE: 1 JUNIE 2017**

| | |
|---|---|
| Vervaardigingsrekening ('manufacturing account') | R140 000 |
| Grondstowwekontrolerekening ('raw materials control account') | R110 000 |
| Berekende bokosterekening ('applied overheads account') | R130 000 |
| Kostegrootboek ('cost ledger'): Job TG001 | R64 000 |
| Job TG002 | R76 000 |
| Materiaalgrootboek ('material ledger'): Linen material | R51 000 |
| Buttons | R19 000 |

Koste aangegaan gedurende die maand:

Arbeid R130 000
Bokoste R142 000

Materiaal uitgereik:

| | TG001 | TG002 |
|---|---|---|
| Linnemateriaal | 13 320 | 10 000 |
| Knope | 22 500 | 17 092 |

Volgens die tydkaarte is 10 000 manure geklok en in Junie gewerk. Arbeidskoste is R13 per uur.

Die volgende is 'n opsomming van manure per taak:

| | |
|---|---|
| GT001 | 6 800 |
| GT002 | 3 200 |

Bokoste word bereken teen 80% van materiaalkoste.

5.1 Teken die transaksies hier bo in die volgende rekeninge aan:

5.1.1 Produksiekontrole (7)

5.1.2 Grondstowwekontrole (3)

5.1.3 Bokostekontrole vir vervaardiging (3)

5.1.4 Berekende bokoste (2)

5.2 Berei die rekening vir Taak TG002 in die kostegrootboek voor. (4)

5.3 Berei die taakkostestaat ('job cost statement') vir die afgehandelde taak voor. (11)

**[30]**

**VRAAG 6**

Badogwa Enterprise het jou van die volgende inligting voorsien:

'n Uittreksel uit hulle rekords

| | |
|---|---|
| Totale verkope in eenhede | R100 000 |
| Veranderlike vervaardigingsbokoste per eenheid | R3,00 |
| Totale vaste vervaardigingsbokoste | R42 500 |
| Vaste bokoste vir nievervaardiging | R22 500 |
| Veranderlike bokoste vir nievervaardiging | R52 500 |
| Direkte materiaal | R100 000 |
| Direkte arbeid | R85 000 |
| Verkoopprys per eenheid | R110,00 |

Beantwoord die volgende vrae:

6.1 Berei die inkomstestaat vir Badogwa Enterprise volgens die absorpsie-metode voor. (12)

6.2 Bereken die volgende (rond getalle af tot die naaste rand):

6.2.1 Marginale inkomste per eenheid (5)

6.2.2 Gelykbreekhoeveelheid (3)

6.2.3 Gelykbreekwaarde (2)

6.2.4 Veiligheidsmarge-verhouding ('margin of safety ratio') (2)

6.3 Bewys met behulp van die gegewe inligting dat die besigheid regtig gelyk breek met hierdie hoeveelheid verkope. (6)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou